UNSTEKAAP SE LENTEPROGRAM

# Bekroonde 'View' terug

## SA dramaturge wys hul slag

riana Malan

APSTAD. – Die Kunstekaap lenteprogram is op hande. word vanjaar die negende r gehou, van Oktober tot uarie volgende jaar.

ie fees bied aan dramage die geleentheid om nuwe ste op die planke te bring. rskeie eenbedrywe wat hier eerste keer opgevoer is, het der gegaan en groot sukses s oorsee behaal.

n Voorbeeld is Louis ioen se *Champ*, wat vanjaar die Edinburg-fees in Skotd gegaan het, en Philip lemeyer se *The View*, wat al Ierland is vir die interionale gay-teaterfees in olin, op die kunstefees op Grahamstad opgevoer is en eersdaags na die Aardklopfees in Potchefstroom gaan.

Die stuk kom met 'n gedugte reputasie. Dit is vir drie Fleur du Cap-pryse benoem – Gideon Lombard as beste akteur, Ella Gabriel vir beste ondersteunende aktrise en die Rosalie van der Gucht-prys vir beste nuwe regisseurs vir Rademeyer.

In Ierland het Rademeyer die Oscar Wilde-toekenning gekry vir beste teks, en die stuk het die Doric Wilson Intercultural Dialogue-prys gekry as beste stuk op die fees.

Roelof Storm was hier in die rol van die jong man, en beide hy en Gabriel is benoem as beste akteur en beste aktrise.

Die heropvoering van hierdie stuk op die fees is 'n nuwigheid op die fees waar 'n stuk wat nuut geskep is en op eie inisiatief en eie koste van jong teaterskeppers en akteurs oorsee geneem word.

Roy Sargeant, dramakonsultant van die Kunstekaap en direkteur van die nuwe skrywers-program, het in 'n persverklaring gesê dat jong professionele teatermakers baie imponeer en baie moed aan die dag lê.

*The View* is van 21 Oktober tot 9 November te sien.

Paul Slabolepszy se *My Low-Fat, Almost Italian Wedding* was ook al vir 'n beperkte speelvak op die planke. In die lenteprogram word dit van 16 Desember tot 4 Januarie opgevoer.

Die ander twee stukke is albei nuut. Hulle is *iSystem* deur Anele Rusi, 'n nuwe dramaturg wat onder Fatima Dike en Roy Sargeant se mentorskap gewerk het (11 tot 30 November), en *The Garage Sale* deur Rafiek Mammon onder regie van Geoffrey Hyland (13 en 14 Desember).

Mammon het voorheen die eenpersoonstuk *Seashells* as voorlees-stuk aangebied en toe met Anthea Thompson as volledige stuk opgevoer.

Hy beskryf die fees as 'n wonderlike geleentheid.

" 'n Mens kan net dankbaar wees dat daar mense is wat jou werk ernstig genoeg opneem dat dit opgevoer kan word," het hy gesê.

"Die beste van alles is dat almal hier gelyk kan meeding."



**Gideon Lombard in *The View*.**
Foto: IAN MCNAUGHT DAVIS

Hy wil in die toekoms 'n Afrikaanse stuk skryf.

"Die idee knaag al lank aan my, en ek gaan nie rus voordat ek dit geskryf het nie."

By die 50 tekste word jaarliks vir keuring voorgelê. Dit kan in Engels of Afrikaans wees, en ook tekste in Xhosa word oorweeg.

As 'n stuk belofte toon, werk die dramaturg saam met 'n regisseur en kan dit herskryf word.

Dit kan as stuk voorgelees word of as volwaardige stuk opgevoer word. Vanjaar is *The Garage Sale* die stuk wat voorgelees sal word.

**■ Kaartjies kos tussen R30 en R85. Bel Themba Mzondi by 078 113 5216 of stuur e-pos na Themba@sceproduction.co.za vir verdere inligting oor die lenteprogram.**